

Kies die beste deel in elke situasie

Teks: Lukas 10: 38 - 42

Teksvers: Lukas 10: 42

1. Inleiding

In Markus 7:11 veroordeel Jesus die Fariseërs dat hulle die korban beginsel misbruik om die verantwoordelikheid teenoor hulle ouers te ontduik. En vandag nog is daar gelowe waar aanhangers in kloosters weg van die samelewing en sy verantwoordelikhede gaan leef. Maar is dit wat Christus beveel vandag in ons teksgedeelte?

Op 'n manier gaan ons vandag aan waar ons laasweek opgehou het, met die gedagte van meer as brood is nodig om te oorleef. Daarom kan hierdie diens ook met reg vanoggend gesien word as ons dankseggingdiens ten opsigte van die nagmaal verlede week. Maar in die gees van danksegging hoe lyk 'n dankbaarheidslewe dan? Is dit die besige Martha in die kombuis of die stil en nederige Maria by Jesus se voete.

Ons bestudeer vandag hierdie belangrike teksgedeelte wat in die geskiedenis al dikwels gekaap is vir alles van feminisme en selibaatskap tot 'n apatie in naaste liefde. Ironies genoeg gaan hierdie teksgedeelte juis oor prioriteite. Getrou aan die

boodskap van die bybel gaan dit nie oor gelykheid en balans nie.

Nee, dit gaan eintlik juis oor dit wat swaarder weeg, wat meer aandag en inspanning verg. Dit gaan oor die een ding kies bo die ander. Dit gaan uiteindelik oor verliese ly, my kruis opneem en vir Jesus volg. Kom ons gaan sit ook vanoggend aan die voete van die groot leermeester. Want dit beste plek om jouself te bevind is onder die geklank van die woord. Dit maak uiteindelik nie saak of ek 'n man of vrou, getroud of ongetroud, oud of jonk selfs ryk of arm is nie.

2. Die plek van die vrou

Met die eerste blik van van ons teksgedeelte, lyk dit of die Jesus hier net vir die feministe preek. Dit wat Hy doen en sê, is mos so in hulle kraal, of hoe? In feministiese kringe word hard baklei teen die siening dat 'n vrou net swanger en kaalvoet voor die stoof in die kombuis moet wees. En nou in ons teksvers prys Jesus Maria se plek aan sy voete, as iets beter as Marta se plek in die kombuis waar Sy voedsel voorberei vir almal. Maar is dit die punt van hierdie teksgedeelte?

Nee, eintlik soos dikwels word die groter boodskap gemis wanneer ek die Bybel wil laat buikspreek vir my eie

agenda. Ons Here Jesus Christus is nie formeel besig apostels of dissipels te roep in hierdie teksgedeelte nie. Nee, hy is bloot besig om as 'n gas te gesels hier binne die huis van Marta en Maria. Om dus iets van amp en kerk organisasie of selfs gesagsrolle uit hierdie gedeelte af te lei is heeltemal 'n oorsig van die teks.

Jesus is bloot besig om te gesels. Maar dit is ons Here Jesus Christus wat gesels. Enige woord uit Sy mond is nie sommer net woorde nie, dit is die brood van die lewe. En dit is wat Maria besef ongeag haar geslag of rol in die huishouding. Vroue, kinders, bejaardes, gestremde mense, ja almal moet na die woorde van Christus luister wat dit gee lewe.

Martha raak so betrokke in die sake van die lewe, dat sy die woorde van lewe mis. Die eintlike boodskap in ons teksgedeelte bly uiteindelik dieselfde as Matteus 6:33 “³³Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.” Ons gaan soek die brood van die lewe op ander plekke, en vinnig word die kerk en woordverkondiging net 'n vae gedagte daar ver van ons af.

3. Selibaatskap het niks daarmee te doen nie

In 1 Korintiërs 7 vers 33 en 34 praat Paulus oor die verdeelde aandag van 'n man en vrou. Hierdie verdeling spruit voort uit 'n huweliksverband waar

die getroude persoon waar man of vrou die Here en hulle huweliksmaat wil behaag. Dit is natuurlik maklik indien jou man of vrou ook saam met jou die Here dien. Maar 'n alternatiewe leefstyl word soms gesien as die antwoord. Dit behels om nie te trou nie, sodat ek al my aandag en inspanning vir die Here kan gee.

In die konteks van ons teksgedeelte word dit verduidelik dat Martha die vrou van die huis was. Met ander woorde die vrou verantwoordelik vir die huishouding. Ons sien dit in haar behoefte aan hulp van haar suster. Tog is die antwoord wat Jesus aan Marta gee nie “Jy is in die verkeerde posisie om my te dien nie”. Ons kan ook nie aflei dat die beter deel wat Maria gekies het, is om ongetroud te bly nie.

Wat wel vasstaan is dat my man of vrou nie die plek van die Here in my lewe moet in neem nie. So ook nie die huishouding nie. Prakties beteken dit ek kan nie van die erediens af wegbly om huis skoon te maak, kos te kook of die kinders gereed te maak vir die skool week nie. Die alledaagse huistake mag nooit in die plek van my Godsdienst beoefening kom staan nie. Maar dit beteken nie dat ek my moet onttrek van die samelewing en iewers in 'n klooster gaan lewe nie.

Ons word nogsteeds geroep om sout en lig in die wêreld om ons te wees. Om juis ook die liefde van die Here te gaan bedien aan ander rondom ons.

4. Meer geestelike as fisiese brood is nodig

Maar die gevaar is ook dat hierdie fisiese en praktiese hulp aan ons naaste uiteindelik alles sal verdring. Eintlik is dit juis wat ons vandag so gereeld om ons hoor. Die bekende benaming daarvoor is “Die sosiale Evangelie-beweging”. Dit is ’n beweging waarin tradisionele sonde nie meer bestaan nie, en alles net oor liefdadigheid gaan. Dit word uiteindelik liefdadigheid sonder barmhartigheid. Daardie tipe hulp waar ek mens met ’n vol maag na die hel stuur, omdat ons nooit die waarheid van die evangelie aan hulle geopenbaar het nie.

Ons teksgedeelte vandag waarsku juis teen te besig wees met die dinge rondom die evangelie. Martha is besig om maaltyd reëlins te tref. Dit is nie opsig self boos nie. Sy het immers ’n gas aan huis en gasvryheid en versorging is ook ’n bybelse beginsel. Maar ons raak dikwels so besig met maaltyd reëlins dat ons die verkondiging van die evangelie nalaat. Ons gaan nie verder as liefdadigheid nie. Ons fokus dikwels net op die fisiese brood wat uitgedeel moet word, en vergeet van die Geestelike brood.

Dit is uiteindelik die les wat Martha moet leer in ons teksgedeelte vandag. Dieselfde opdrag word deur Jesus ook aan die skrifgeleerdes en Fariseërs in Matteus 23 gegee. Hulle word nie vrygestel van hulle tiendes en dit wat hulle reeds doen om reg, Oggend Preek

barmhartigheid en trou na te jaag nie. Nee Jesus se aan hulle “Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat”.

In ons teksgedeelte het Martha haar verantwoordelikhede, ten opsigte van maaltyd voorbereiding. Maar in hierdie sake moet sy nie die geleentheid van die Verlosser se teenwoordigheid in haar huis laat verby gaan nie. Ons moet ook nie die geestelike brood van woordverkondiging op enige manier laat skade lei nie. Ons moet hard saam werk as kerk om dit juis in stand te hou en uit te brei. Maar dan moet ons ook soveel as moontlik daaraan kom deelneem, want dit is nie net vir ander nie.

5. Slot

Ons kan vandag afsluit deur prakties te raak. Die prakties in ons teksgedeelte gaan oor die klein besluite as ons dit so kan noem. Daardie mikro sake wat so maklik in die groot geheel verlore gaan. Wat doen ek met die volgende 5 minute in my lewe. Gaan die bestudering van die Woord van God net te veel tyd op hierdie oomblik vat?

In ons teksgedeelte kon dit beteken dat Martha gereeld tussen haar ander verpligtinge saam met Maria vir kort rukkes by Jesus se voete kom sit het. Sal dit werklik my sondag planne so baie omkrap indien ek eers die erediens kom bywoon. Of die aand erediens kom bywoon wanneer ’n naweek weg, my weerhou het van die

oggend erediens. Die Bybelse beginsel word vasgelê in Efesiërs 5:16: “¹⁶en koop die tyd uit, omdat die dae boos is.”

Uiteindelik kan ons ook hierdie dankseggingsdiens afsluit met 'n oproep tot dankbaarheid. Ons moet ons dankbaarheid vir die Here gaan uitleef in alles wat ons doen. Want selfs oor daardie kleinste gebied van ons lewens is die Here steeds Koning. Ons sê altyd daar is twee tipes verskonings by 'n mens. Die verskoning om iets nie te gaan doen nie, en dan juis die verskoning om dit te gaan doen. Beide kom uit 'n hartsoortuiging. Kom ons gaan leef uit ons dankbare wedergebore harte. Harte waaruit 'n liefde vir God en Sy Woord voortspruit. Kom ons gaan gebruik selfs elke klein en onbenullige hulpbron tot eer en verheerliking van die Here. Kom kies die heel beste deel wat dit sal nie van jou weggeneem word nie.

Amen